


# daar is 'n doel met alles

*Ons skuld mense vrae op hulle antwoorde, eerder as antwoorde op foutiewe vrae!*

*God is nie in kompetisie met Google nie.*

1 Job het nog verder gepraat en gesê:
"'n Mens se lewe is kort en vol probleme.
2 Jou lewe is soos 'n blom. Vir 'n kort
rukkie is die blom pragtig, maar dit gaan
gou dood. Dit is soos 'n wolk wat vir 'n klein
rukkie 'n skaduwee gooi en dan skielik is dit
weg.
3 Dit is so 'n brose mens wat U dop-hou.
U het my voor U gedaag om met my af te
reken.
4 Niemand kan iets wat skoon en
sonder vlekke is, laat kom uit iets wat vuil is
nie.
5 U het besluit hoe lank 'n mens moet
leef. U weet hoeveel maande ons het om te
lewe. U sê waar die grens van ons lewe is
en ons kry nie 'n minuut langer nie.
6 Here, kyk 'n bietjie weg en laat my rus.
Gee my kans om soos iemand wat vir 'n
dag werk gekry het, my lewenstaak klaar te
maak.
7 "As 'n boom afgekap word, is die kans
goed dat daar weer nuwe lote en takke uit
die stomp sal groei.
8 Dit is dalk so dat die boom se wortels
al baie oud is. Dit mag ook wees dat die
stomp al in die grond begin vrot het.
9 Maar as daar water kom, kan dit weer
soos 'n jong boom groei en nuwe takkies
laat uitskiet.
10 "As mense doodgaan, verloor hulle al
hulle krag. As die mens sy laaste asem
uitblaas, is dit verby. Waar is hulle dan?
11 Water verdamp uit 'n meer. In
droogtetye droog riviere op.
12 Met mense gaan dit net so. Hulle
gaan lê en staan net nooit weer op nie. So
lank daar nog 'n hemel is, sal hulle nie weer
wakker word nie. Hulle sal nie weer uit
hulle slaap uit opstaan nie."
13 Job het vir die Here gesê: "Ek wens U
wil my tussen die dooie mense weg-steek
en my daar hou totdat U nie meer so kwaad
is nie. Besluit vir hoe lank U van my wil
vergeet. As hierdie tyd verby is, kan U dan
weer van my onthou.

Job 14:1-13

*God het nie 6.7 biljoen afsonderlike bloudrukke nie, maar een groot wedstrydplan.*

*Stephan Joubert / 19 Junie 2011 [ AM ]*

*Dit gaan oor geloof en karaktervorming, nie oor antwoorde nie.*

Ek word 'n dader van die Woord deur ...

Vir persoonlike gebed, gesprek, nagmaal of stiltetyd, besoek gerus die Klipkerk na afloop van die diens.

mosaïek